

## **Preek Jan Steyn 3 Junie 2018**

**Teks: Lukas 11:1-13 (Mattheus 6:5-15)**

**Tema: Wie is die God tot Wie ons bid?**

### **Inleiding:**

Jan Johnson skryf ons grootste probleem met gebed is dat ons gebed wil gebruik om vinnige antwoorde en seënninge (blessings) by God te verkry. God is dan half soos hierdie opponent of teenstander wat ons moet manipuleer en as ons reg bid, sal ons God half dwing om ons te gee wat ons graag wil hê. Ek hoor baie keer op TBN die TV predikers hierdie soort opmerkings maak: Prayer is the key that unlocks the storehouses of God's riches. Jy moet in gebed en die manier hoe jy bid net die regte sleutels kry om hierdie hemelse stoorkamers oop te sluit. Dis alles in die tegniek. Dis hierdie meganiese siening van gebed- as ek so bid, sal God so maak. Maar die kern van hierdie manier van bid is ek self en my behoeftes. Daarom vertel Louie Giglio in sy videoreeks oor gebed dat die vier mees algemene gebede wat mense in Amerika bid die volgende vier is:

**Bless me**

**Be with me**

**Watch over me and protect me.**

**Forgive me.**

**In al vier hierdie gebede is die Woord me sentraal.**

### **Hoe moet ons dan nou anders oor gebed begin dink?**

Richard Foster het my baie daarmee gehelp: God weeps over our obsession with muchness and manyness. He longs for our presence. Hy soek ons teenwoordigheid, want ons aandag is so dikwels afgelei (we are distracted) en ons leef in hierdie vreemde, veraf land van geraas en gejaagdheid. God nooi ons om deur gebed huis toe te kom: He invites us into the living-room of his heart where we can put on old slippers and share freely. He invites us into the kitchen of his friendship where we can put on old slippers and share freely. He invites us into the kitchen of his friendship where chatter and batter mix in good fun. He invites us into the dining-room of His strength where we can feast to our heart's delight. He invites us into the study of his wisdom where we can learn and grow and stretch... and ask all the questions we want. He invites us into the bedroom of his rest where new peace is found.

David Platt het dit wat Richard Foster ons mee wou help, baie duidelik in een sin saamgevat: **The primary purpose of prayer is not to get something, but to spend time with Someone.** Ons beweeg dus weg van hierdie denke oor gebed as hierdie meganiese oefening van reg bid, na hierdie verhouding, hierdie intieme liefdesverhouding waar God op jou en my wag met oop arms. Hierdie verhouding beteken nie net ek praat nie, God praat ook. Hierdie verhouding beteken ek is ook gemaklik met stilte, om net by God te wees. Hierdie verhouding beteken ek praat nie net met God nie, ek luister ook.

### **Lukas 11:1-13: Die kern is die God tot wie ons bid:**

In hierdie gedeelte vra Jesus se dissipels Hom hoe om te bid. Onthou, hulle het in Joodse huise grootgeword- bid was daar niks vreemds of ongewoon nie. Hulle het twee of drie keer per dag voorgeskrewe gebede gehad. Maar hulle wil bid soos Jesus bid, soos Hy met die Vader praat. Daarom vra hulle Hom om hulle te leer om so te bid soos wat Hy bid. Jesus gee dan vir hulle in Lukas 11 hierdie model- of voorbeeld-gebed wat ons kan as die Onse Vader. Maar dan vertel Hy vir hulle hierdie storie oor die twee buurmanne om eintlik meer te praat oor hoe die God of die Vader lyk tot Wie ons bid.

### **Hierdie God is ons Vader:**

Net Jesus het God werklik Vader kon noem. Dit was iets absoluut onaanvaarbaar in daardie tyd dat gewone mense so na God sou verwys. Sy Naam in die Joodse mond was Adonai wat beteken my heer. Juis omdat die Jode nie God se Naam Jahweh in Hebreeus op hul lippe wou neem nie. Hierdie Naam van God was te hoog en heilig daarvoor. Nou kom Jesus en vertel dissipels : Wanneer julle dan bid, sê Vader. Julle mag God aanspreek soos Ek hom aanspreek: Pater, Vader. Pater is die Griekse weergawe van die Aramese woord Abba wat Jesus ook op ander plekke gebruik. Pater is die vader wat aan ons die lewe skenk- die aardse lewe toe ons gebore is en die ewige lewe as ons wedergebore is.

### **Hy is die God wat sorg en voorsien:**

As God ons Vader is, is Hy die Een na Wie toe ons kan gaan met ons daaglikse brood, met dit wat ons elke dag nodig het. Ons het hierdie gebed so nodig in hierdie kultuur waar ons so self-sufficient of self-voorsienend is. Ek dink nie oor wat ek in die winkel koop nie, daar is mos genoeg geld in my beursie of op my kaart. Ons koop die dinge wat ons nodig het outomaties, sonder om daarvoor te bid of te dink of te dank. Ek hanteer dit in my eie krag en op my eie stoom. Deuternomium 8 herinner ons: Jy kan dink : my krag of my sterk hande of my brein of my skills en opleiding het vir my hierdie rykdom verwerf. Maar moet die Here jou God nie vergeet nie, want dit is Hy wat jou die krag gegee het om die rykdom te verwerf. Hy is die God wat voorsien. Soos wat goeie vaders ook graag vir hul kinders doen. Hoekom kan ons na gaan met die behoeftes van ons daaglikse brood? Matteus 6 antwoord

hierdie vraag: Want Hy weet klaar wat ons nodig het. Ons Vader weet. Jou behoefte en nood is vir Hom geen verrassing nie.

### **Ons kan skaamteloos na Hom toe kom:**

Die storie wat Jesus vertel van die twee buurmanne vertel wie die God is tot wie ons bid. Die een buurman kry 'n gas laat in die aand. Dit was nie ongewoon nie. Mense het dikwels in die aand gereis om die hitte van die dag te ontwyk. Gasvryheid was in daardie tyd gesien as hierdie heilige plig en om nie vir hierdie gas iets voor te sit vir ete hierdie verskriklike skande. Die man gaan klop dus sy buurman op vir brood, want hy het niks om vir die gas voor te sit nie. Die buurman wil nie graag opstaan nie. Huisies het gewoonlik daardie tyd uit een vertrek bestaan. Aan die een kant was hierdie geligte platvorm waarop die man en sy gesin almal saam op slaapmatte geslaap het, dikwels rondom die vuurherd waar die kos gemaak is. Die huisdiere het op die laer vloer-deel geslaap. As hierdie man opstaan en sy buurman brood gaan gee, gaan almal wakker word. Sy vrou en kinders en al die diere. En julle weet hoe jy soms sukkel om kinders en diere aan die slaap te kry! Ons verstaan daarom hierdie man se onwilligheid. Op die ou end help die man sy buurman wel, want hy hou skaamteloos (letterlik shameless) aan om te vra totdat hy gehelp word.

Moet ons nou die storie of gelykenis so verstaan dat God eintlik onwillig is om ons te help en ons moet skaamteloos aanhou en aanhou vra totdat Hy ons help? Nee die vergelyking is nie hier in ooreenkomste nie, maar in kontras. Gelykenisse werk dikwels ook so. Anders as die teensinnige buurman wil God ons graag help en graag gee wat ons nodig het. Anders as hy sal God as't ware tydig en ontydig bereid wees om op te staan, die deur oop te maak en te help. Die ooreenkoms is dat ons skaamteloos na God kan kom soos die buurman skaamteloos na sy buurman vir brood gegaan het. Jy kan na God toe kom- net soos jy is en net waar jy nou is. Hy het jou nie lief as jy goed gedoen het en haat jou as jy drooggemaak het nie. Die Vader verwelkom jou altyd. Sy grootste hartseer skryf Brennan Manning is die volgende: His sorrow lies in our refusal to approach Him when we sinned and failed. God ontmoet en omhels jy altyd waar jy nou is, of daardie plek goed of sleg is.

Koos van der Merwe het dit verstaan. Hier is sy gedig:

So sal ek kom

met my stukkie lof

met my bietjie bid

met my sinne van stof

wil ek voor U kom sit

Met vandag se leef

en more se dood

Met my reguit en skeef

met my honger en brood

so sal ek kom

As ek kom om te juig

Dankbaar en dom

sal ek nederig kom buig

### **Die Heilige Gees en gebed:**

By die goeie dinge wat God gee, is die beste gawe die van die Heilige Gees. Die Heilige Gees word sterk met gebed verbind in die Bybel. Dink maar aan Romeine 8: Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie langer in vrees lewe nie, nee julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: Abba. Dit beteken Vader. En dan die belangrikste: Die Gees staan ons in ons swakheid by: Ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. Dit bestry hierdie ding van woorde van reg bid: die Gees vertaal ons sugte as gebede tot die Vadertrou. As jy net kan sug, is dit ook gebed. Dink aan Eksodus 3: die volk in Egipte het nie meer van God geweet nie. God stuur hulp deur Moses om hulle te red want Hy het hulle noodkrete gehoor. Hulle het van God en bid niks geweet nie. Hy het hulle noodkrete gehoor.

Die Gees vertaal nie net ons stamelende en onseker en onduidelike en selfs woordelose soeke en gebede tot God nie. Hy oortuig ons telkens dat hierdie God tot Wie ons bid een is na wie toe ons altyd met vrymoedigheid kan gaan. As daar iemand is tot wie ons kan nader (wie approachable is), is dit ons Hemelse Vader.

### **Munt masjien God:**

Die woord munt masjien is die afrikaanse vertaling vir vending machine. Jy sien hulle baie in openbare plekke soos hospitale- jy gooi geld in, jy druk die nommer en dan spoeg die masjien jou keuse van chips of koeldrank of lekkers uit. Gebed is nie soos om munte in die munt masjien te gooi, die regte knoppie te druk en dan te wag vir God om uit te spoeg wat ons graag wil hê nie. God is nie hierdie

hemelse munt masjien nie. Hy is ons Vader. Dit beteken verhouding. Dit beteken omgee en sorg en vertroue. Dit beteken ek kan altyd vrymoedig na Hom toe gaan. Wanneer jy bid, leer Jesus ons. Sê Vader.

Amen